24.7 BESKRYWINGSPUNT VAN GK PRETORIA-ANNLIN : ERKENNING VAN BTh– EN HONS-GRAAD BY MUKHANYO THEOLOGICAL COLLEGE

1. Beskrywingspunt

Ons versoek die Algemene Sinode met nederigheid om die BTh- en Hons-graad wat by Mukhanyo Theological College aangebied word, te erken as geldig en voldoende vir toelating tot die MDiv wat deur die GKSA vereis word, op grond van die fokus en indiensopleidingsprogramme wat deur die kollege verskaf word.

Ons versoek verder die ontwikkeling van 'n MDiv-kurrikulum wat in die besonder toegespits sal wees op die situasie en vereistes van die kerke wat deur studente in die indiensopleidingsprogramme bedien word, en dat amptelike erkenning aan lektore van die MTC verleen word om die opleiding te fasiliteer.

Ons beveel aan dat die Sinode deputate/afgevaardigdes benoem om Mukhanyo se indiensopleidingsprogramme goed te keur en om die nodige stappe te neem om oor die opleiding van GKSA-studente toesig te hou.

2. Motiverings

2.1 *Hoewel baie potensiële studente inderdaad oor die gawes beskik om predikante in die GKSA te word, is hulle weens die volgende redes nie in staat om voltydse inwoonprogramme te volg nie.*

2.1.1 Baie ouderlinge en lekeleiers dien as voltydse kerkwerkers binne jong kerke in landelike gebiede en townships, en verleen hulp met pastorale bediening, sending en evangelisasie. Hulle moet ook vir hulle gesinne sorg met die honorarium wat hulle van die kerke ontvang. Hulle is nie in staat om voltydse inwonende teologiese studie aan te pak nie omdat hulle geen inkomste sal hê om vir hulle gesinne te sorg nie, en sal hul kinders uit plaaslike skole moet haal.

2.1.2 Jong kerke wat onlangs geplant is of klein gemeentes wat nie die dienste van voltydse predikante kan bekostig nie, kan nie hulle dienste as ouderlinge en werkers op hierdie stadium ontbeer nie, omdat die jong en klein kerke dit uiters moeilik vind om begaafde manne te identifiseer en op te lei wat hierdie kerkwerkers as ouderlinge en lekepredikers kan vervang om die gemeentes en dienste op die verskeie preekposte te lei.

2.1.3 In baie townships en landelike gebiede worstel kerke en gemeenskappe met armoede en met uiters beperkte mensehulpbronne om hul kerkleiers te onderhou. Tog is daar broers/broeders met gawes vir evangeliebediening wat nie in 'n posisie sal wees om die kerke waarin hulle dien agter te laat en na Potchefstroom te verhuis vir voltydse inwonende studie nie.

2.2 *Die GKSA sal in hoë mate baat by die indiensopleiding van Mukhanyo.*

2.2.1 Indiensopleiding is dringend nodig omdat so baie potensiële predikantstudente nie oor die geleentheid of finansiële middele vir voltydse studie beskik nie. Indiensopleiding sal heelwat meer gekwalifiseerde en behoorlik opgeleide predikante aan die GKSA voorsien.

2.2.2 Mukhanyo se indiensopleidingsprogramme is ontwerp om studente gedurende 'n gedeelte van die week op te lei sodat hulle die res van die week en oor naweke met hul evangeliebediening kan voortgaan.

2.2.3 Indiensopleiding gee aan studente die geleentheid om teoretiese onderrig te ontvang en dit terselfdertyd in die praktiese ervaringsveld toe te pas, onder die toesig van plaaslike Kerkrade en 'n paar geordende predikante in die plaaslike Klassis.

2.2.4 Mukhanyo se indiensopleiding vereis ‘n ekstra studiejaar om ‘n geleentheid te bied vir beide akademiese studie en praktiese ervaring. Mukhanyo se gegradueerdes ontvang dus verskeie jare van praktiese ervaring in die studieveld en werkgeïntegreerde leer in prediking, onderrig en praktiese evangelisasie en pastorale bediening, sodat hulle by voltooiing voldoende opgelei en gekwalifiseer sal wees om die kerke behoorlik as geordende predikante te bedien.

2.2.5 Hoewel afstandonderrig nuttig mag wees, het indiensopleiding meer waarde omdat dit ook ‘n klaskamerervaring vir akademiese en geestelike raadgewing voorsien.

2.3 *Baie potensiële predikantstudente benodig programme op ‘n laer vlak om tot studie toe te tree (oorbruggingskursusse) voordat hulle gereed is vir studie op graad- en nagraadse vlak.*

2.3.1 Die GKSA het dringend meer predikante nodig. Daar bestaan ‘n dringende behoefte aan professioneel opgeleide predikante wat vir plaaslike evangeliebediening toegerus is en in plaaslike kerke kan dien. Maar baie geestelik begaafde potensiële studente voldoen nie aan die nodige toelatingsvereistes nie.

2.3.2 Toelatingsvereistes vir die graadvlakstudie is vir baie potensiële studente te hoog (as gevolg van verskeie redes, onder meer die feit dat baie potensiële studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe afkomstig is, of uit onderwysstelsels wat deur ‘n gebrek aan behoorlike hulpbronne uitgedaag word).

2.3.3 Mukhanyo bied ‘n aantal opleidingsprogramme op ‘n laer vlak aan as ‘n leer wat deur potensiële studente wat nie aan graadvlak-toelatingsvereistes voldoen nie, geklim kan word. Hierdie programme is ontwerp om ‘n Bybelse grondslag te voorsien vir hulle huidige evangeliebediening in die kerk, en ook om hulle vir studie op graadvlak voor te berei.

2.3.4 Mukhanyo onderrig reeds twintig jaar lank studente op hierdie vlakke, en baie Mukhanyo-studente – wat op laer vlakke begin het – het nou die BTh-graad en BTh-honneursgraad voltooi, en is in studieprogramme op magistervlak aanvaar.

2.4 *Mukhanyo is deur en deur Bybels en Gereformeerd.*

2.4.1 Al Mukhanyo se lektore bevestig die historiese Gereformeerde belydenisse en het openlik belowe om niks te onderrig wat strydig met hierdie geloofsbelydenisse is nie.

2.4.2 Van al Mukhanyo se lektore wat op die BTh- en honneursvlak onderrig gee word vereis om ten minste oor ‘n M-graad te beskik, en baie het PhD-grade.

2.4.3 Mukhanyo versoek die betrokkenheid van die GKSA om te verseker dat die opleiding Bybels, en getrou aan die Gereformeerde geloofsbelydenisse bly.

2.4.4 Mukhanyo is geseën met hoogs gekwalifiseerde Gereformeerde geleerdes en sendelinge uit die buiteland wat jaarliks as gaslektore modules by Mukhanyo aanbied, wat ook ‘n internasionale standaard van gehalte-Gereformeerde teologiese onderrig verseker, sonder enige koste vir Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

2.5 *Mukhanyo is ‘n volledig geregistreerde en geakkrediteerde akademiese instelling in Suid-Afrika.*

2.5.1 Mukhanyo is in Suid-Afrika ten volle by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as ‘n privaat hoëronderwysinstelling geregistreer onder die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasiesertifikaatno. 2009/HE08/002.

2.5.2 Mukhanyo se diploma, BTh en honneursgrade is ten volle by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer (RHO, HOKR, SAKO).

2.5.3 Mukhanyo se kwalifikasies BTh (NKR vlak 7) en Honneurs (NKR vlak 8) is op dieselfde akademiese vlak as dié programme wat by die NWU of enige ander universiteit in Suid-Afrika aangebied word. Studente wat Mukhanyo se kwalifikasies voltooi word deur alle ander akademiese instellings in Afrika erken en aanvaar.

2.5.4 Die studente van Mukhanyo sal internasionaal erkende diplomas en grade ontvang, wat deure vir verdere studie sal open indien hulle dit sou wou doen.

2.6 *Mukhanyo bied reeds twintig jaar lank kontekstuele teologiese opleiding aan en is volkome daaraan toegewy om predikers vir evangeliebediening in tipiese Afrika-kontekste op te lei.*

2.6.1 Die behoefte aan kontekstualisering in die opleiding van predikante word wêreldwyd erken, en ‘n toenemende aantal opvoedkundige instellings in Afrika besef nou dat die ou Europese akademiese inhoud nie voldoende is vir die voorbereiding van kerkleiers in Afrika nie.

2.6.2 Mukhanyo het meer as 30 kundiges in teologiese onderrig binne Suidelike Afrika betrek om die geakkrediteerde kurrikula vir BTh en honneurs te ontwikkel (gaan asseblief die aangehegte konseptuele oorsig oor Mukhanyo se kurrikula in Bylae A & B deur).

2.6.3 Mukhanyo se kurrikula is ontwerp om ‘n uitkoms van ‘n “Man van God in Afrika”-profiel te bereik. Die gedetailleerde uitkomste-profiel is op versoek beskikbaar.

2.6.4 Mukhanyo se kurrikula voorsien studente van die nodige gereedskap om die Skrif te verklaar (Bybelse tale en Bybelse teologie), om Gereformeerde dogma binne evangeliebedieningskontekste toe te pas, om in diens van plaaslike kerke te staan, en om leiding te neem in plaaslike kerkgebaseerde evangeliebedienings.

2.6.5 Mukhanyo se kurrikula is buigsaam en sluit ‘n aantal addisionele keusevakke in vir studente wat verdere studie in Grieks en Hebreeus, kerkplanting en so meer verlang.

2.6.6 Mukhanyo se BTh-graad vereis ‘n minimum van twee jaar se studie van Grieks en Hebreeus, en maak daarvoor voorsiening dat studente die Bybelse tale tot vier jaar lank mag neem (die ekstra Grieks & Hebreeus kan verpligtend gemaak word vir alle GKSA-studente indien kerke dit as nodig beskou).

2.7 *Mukhanyo se filosofie van onderrig is missionêr.*

2.7.1 Mukhanyo se program is ontwerp om studente vir evangeliebediening in plaaslike kerke voor te berei: prediking, kerkleierskap, berading, kerkplanting, ens.

2.7.2 Mukhanyo begin met Bybelse en Gereformeerde grondslae op die diploma- en BTh-vlakke, tesame met die aanbieding van ‘n toenemende aantal professionele vaardighede (akademiese geletterdheid, Bybelse tale, ens.) en toerusting vir navorsing regdeur die kurrikula.

2.7.3 Mukhanyo is ‘n organisasie wat volledig befonds word deur studiefooie en donasies van beide plaaslike en internasionale Gereformeerde kerke. Dit beteken dat die instelling nie deur druk van buite en ongereformeerde leerstellings beïnvloed kan word nie.

2.7.4 Mukhanyo se missionêre model verskaf Gereformeerde onderrig van gehalte teen baie laer koste aan dié kerke wat hulle teologiese studente moet ondersteun.

2.8 *Die GKSA moet eenvormigheid van dogma onder professioneel opgeleide predikante nastreef, maar nie eenvormigheid van opleidingsprogramme nie. Een onderrigmetode voldoen nie, en kan nie aan die behoeftes van alle kerke en evangeliebediengskontekste voldoen nie.*

2.8.1 Ooreenstemming/eenvormigheid in teologiese onderrig beteken nie homogeniteit en die uitgediende vereiste dat alle studente op een plek deur een instelling moet studeer nie.

2.8.2 Die GKSA sal grootliks baat by ‘n verskeidenheid van teologiese opleiding.

2.8.3 Baie Gereformeerde denominasies binne die internasionale gemeenskap het na ‘n gedesentraliseerde model van teologiese onderrig beweeg en ervaar nou die voordeel daarvan in ryke mate.

2.8.4 Die uiteenlopende behoeftes en kontekste van die verskillende kerke en agtergronde van studente neem toe, en verhoog die behoefte aan ‘n verskeidenheid van metodes.

2.9 *Baie van die predikante wat tans in diens van die GKSA staan is by Mukhanyo opgelei.*

2.9.1 Daar bestaan reeds ‘n presedent om voort te gaan om erkenning aan Mukhanyo-gegradueerdes te verleen.

2.9.2 Die voormalige Sinode Middellande 1997, art 18.8 het die opleiding by Mukhanyo as voldoende vir die evangeliebediening aanvaar en het studente toegelaat om geëksamineer te word.

2.9.3 Die Streeksinode Pretoria het onlangs reeds kandidate wat by Mukhanyo opgelei is tot die bediening toegelaat.

2.10 Die Algemene Sinode het voorheen besef dat daar ‘n noodsaaklike behoefte bestaan aan indiensopleiding in teologie binne/vir die gegewe konteks soos hierbo genoem, waaraan nie binne ‘n kampusgedrewe huishoudelike opleidingsprogram voldoen kan word nie. Hierdie Beskrywingspunt is in ooreenstemming met en bou voort op besluite geneem deur die Sinode in Potchefstroom oor die afgelope 20 jaar (verwys onder andere Sinode Acta 1994:699, 5.2; Acta 2006 2.3.7).

3. Versoek

Ons, die ondergetekende kerke, is oortuig dat hierdie soort opleiding aan ‘n groot behoefte binne ons kerke sal voldoen, ‘n waardevolle instrument vir die uitbreiding van die koninkryk van God sal wees, ‘n bydrae sal lewer in die planting en vestiging van meer Gereformeerde Kerke (veral in landelike en voorheen benadeelde gebiede), en sodoende ons Gereformeerde getuienis in Suidelike Afrika sal versterk, waar ‘n dringende behoefte bestaan aan Gereformeerde evangelieverkondiging.

Ons moedig die Algemene Sinode met nederigheid aan om hierdie pleidooi ernstig en biddend te oorweeg tot eer van God, die plasing van meer geordende predikante in landelike gebiede, townships en klein kerke, vir die opbou van kerke, en om aan studente uit Gereformeerde Kerke die geleentheid te bied om hul opleiding as predikante in kerke van die GKSA deur Mukhanyo te voltooi.

Toeligter:

Appendix A: Conceptual Overview of the Mukhanyo BTh program

BTh Year One

BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 1	BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 2
1/5	15	AL1	Academic Literacy 1	1/6	15	AL2	Academic Literacy 2
1/5	5	HE1	Hebrew Introduction	1/5	5	GR1	Greek Introduction
1/6	10	HE2	Hebrew Tools 1	1/6	10	GR2	Greek Tools 1
1/6	10	BT1	Bible Story 1	1/6	10	BT2	Bible Story 2
1/5	10	ST1	Introduction to Theology	1/5	10	PT1	Intro to Pastoral Ministry

BTh Year Two

BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 1	BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 2
2/6	10	HE3	Hebrew Tools 2	2/6	10	OT2	Historical Books
2/6	10	GR3	Greek Tools 2	2/6	10	CH1	Early Church History
2/6	10	OT1	Pentateuch	2/6	10	ST3	Christian Doctrine 1
2/6	10	NT1	Gospels Literature	2/6	5	PT4	Christian Leadership
2/6	10	PT2	Introduction Preaching	2/6	5	PT5	Teaching in the Church
				2/6	10	MI1	Biblical Missions
			Additional Electives:				***Additional Electives:***
2/6	5	ST2	Reformed Confessions	2/6	5	HE4	Hebrew Reading 1
2/6	5	PT3	Christian Education	2/6	5	GR4	Greek Reading 1
				2/6	2	PP1	Practice Preaching 1

BTh Year Three

BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 1	BTh Y/L	45 Cr	Code	Semester 2
3/7	15	NT2	Paul's Letters	3/7	15	OT3	Prophetic Books
3/6	15	ST4	Christian Doctrine 2	3/6	10	CH2	Church Hist Reformation
3/7	10	PM1	Ministry Practicum 1	3/7	10	ST5	Christian Doctrine 3
3/7	10	MI2	Missionary Churches	3/7	10	PT7	Pastoral Counseling 1
			Additional Electives:				***Additional Electives:***
3/7	5	HE5	Hebrew Reading 2	3/7	5	GR5	Greek Reading 2
3/6	2	PP2	Practice Preaching 2	3/6	2	PP3	Practice Preaching 3
3/7	10	PT6	Teaching Practicum	3/6	5	PT8	Mercy Ministries

BTh Year Four

BTh Y/L	50 Cr	Code	Semester 1	BTh Y/L	45 Cr	Code	Semester 2
4/7	10	NT3	Acts & Revelation	4/7	10	OT4	Wisdom Literature
4/7	10	ST6	Christian Ethics	4/7	10	NT4	General Letters
4/6	10	CH3	Modern Ch. & Mission Hist	4/7	10	PT9	Pastoral Counseling 2
4/7	10	CH4	Church Order & Worship	4/7	15	MI3	Missional Apologetics
4/7	10	PM2	Ministry Practicum 2				
			Additional Electives:				***Additional Electives:***
4/7	5	HE6	Hebrew Reading 3	4/7	5	GR6	Greek Reading 3
4/7	10	ST7	Reformed Spirituality	4/7	10	ST8	Christian Philosophy
4/6	2	PP4	Practice Preaching 4	4/6	2	PP5	Practice Preaching 5

Appendix B: Conceptual Overview of the Mukhanyo Honours program

BTh Honours

Y/L	60 Cr	Code	Semester 1	Y/L	60 Cr	Code	Semester 2
1/8	10	OT41	Study of Isaiah	1/8	10	PT42	Preaching Christ in Africa
1/8	10	BT41	Biblical Theology	1/8	10	NT41	Study of James
1/8	10	ST41	Missionary Ethics for Discipleship	1/8	10	BT42	Apocalyptic
1/8	10	PT41	Practicum Ministry: Focus Area	1/8	10	ST42	Pneumatology
1/8	10	EL41	Historical Theology in Africa or Reading Historical Documents: Ref & Post-Ref	1/8	10	RE42	Research Methodology 2: Planning a Research Project
1/8	10	RE41	Research Methodology 1: Introduction	1/8	10	RE43	Research Methodology: Writing an Academic Paper

			Additional Electives:				***Additional Electives:***
1/8	10	HE41	Hebrew 1	1/8	10	HE42	Hebrew 2
1/8	10	GR41	Greek 1	1/8	10	GR42	Greek 2
1/8	10	EL42	Reading Historical Documents: Reformation and Post-Reformation	1/8	10	EL43	Introduction to the study of Jonathan Edwards